higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

6 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

272Q1S2006

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELINGS A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Departement van Korrektiewe Dienste verskaf veilige aanhoudingsfasiliteite om gevangenes aan te hou en is daarvoor verantwoordelik om voorwaardelik vrygesteldes en paroolgangers in die gemeenskap te kontroleer.

1.2 Die hoofdoeleindes van die Verenigde Nasies is om internasionale samewerking in die oplossing van internasionale probleme te bereik en om respek vir menseregte en vryheid vir almal te bevorder en aan te moedig.

1.3 Ondergeskikte wetgewing verskaf aan die polisie en ander organisasies bepaalde magte om sekere pligte uit te voer.

1.4 Onderwys en opleiding van gevangenes konsentreer breedvoerig op die bemagtiging van gevangenes vir 'n betekenisvolle, ekonomiese en volhoubare lewe ná gevangeneskap.

1.5 Polisiereserviste het dieselfde magte en pligte as munisipale polisiebeamptes, insluitend mediese fonds, pensioenfonds en ander voordele.

1.6 Die Witskrif oor regstellende aksie omskryf bykomende regstellende stappe wat geneem moet word om te verseker dat dié wat histories deur onregverdige diskriminasie benadeel is in staat is om volle voordeel te trek uit 'n billike indiensnemingsomgewing.

1.7 Een van die doeleindes van die strukturering en praktiese funksionering van 'n GPF is om gemeenskapsaanspreeklikheid te verseker.

1.8 Die Nasionale Vervolgingsgesag se verantwoordelikheid is om die veiligheid van mense en hul eiendom te beskerm.

1.9 Die struktuur van die SAPD bestaan uit vier vlakke, naamlik nasionale, provinsiale, stasie en munisipale vlak.

1.10 Vermoede van onskuld beteken dat 'n persoon as onskuldig beskou word tot tyd en wyl hy of sy behoorlik deur 'n hof skuldig bevind is.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Terugval in misdaad of herhalende oortreding deur gevangenes wat na voltooiing van vonnis vrygelaat word	A	Suid-Afrikaanse Polisiediens
2.2	Die beveiliging van die Republiek van Suid-Afrika teen eksterne sekerheidsbedreigings	B	Regulasies
2.3	Die Departement van Onderwys	C	Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie
2.4	Beveiliging en beskerming van die inwoners van die RSA en hul eiendom	D	Khulisa
2.5	Proses waar oortreders uit die formele strafregsplegingsproses gehou word deur goedgekeurde prosesse met alternatiewe vonnisopsies toe te pas	E	Staatsinstelling
2.6	Die NRO wat by gemeenskaps-ontwikkeling, afleiding en rehabilitasieprogramme betrokke is	F	Semi-staatsinstelling
2.7	Telkom	G	Nasionale instruksie
2.8	Reëls wat deur die betrokke minister van 'n departement geformuleer word oor die manier waarop die departement moet funksioneer	H	Residivisme
2.9	Reëls wat deur die betrokke kommissaris van 'n departement geformuleer word oor die manier waarop die departement moet funksioneer	I	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
2.10	Staatsinstelling wat konstitusionele demokrasie ondersteun	J	Afleiding
		K	Onafhanklike gevangenisbesoeker

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

kwesbare; regter; onafhanklike gevangenisbesoekers; een-en-twintig; assessors; afsonderlik; magistraat; ondersoek; publiek; agtien; gelykheidshof; voorkoming; gemeenskap; aangehoudenes; hoë hof

3.1 Lede van die (3.1.1) … kan as (3.1.2) … aansluit om te verseker dat alle (3.1.3) … volgens die reëls en regulasies behandel word. (3)

3.2 In baie ernstige kriminele sake word 'n (3.2.1) … deur twee (3.2.2) … bygestaan om hom/haar met die saak te help. (2)

3.3 Die DKD ('DOC') beskou alle persone onder die ouderdom van (3.3.1) … as uiters (3.3.2) … gevangenes wat (3.3.3) … aangehou moet word en 'n gestruktureerde dagprogramme moet volg. (3)

3.4 Aktivering van die strafregsplegingstelsel in misdaadvoorkoming sal die suksesvolle ..., vervolging en straf van misdaad verbeter. (1)

3.5 Persone wat slagoffers van onbillike diskriminasie, teistering of haatspraak is kan hul sake na 'n ... neem. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Die Konstitusionele Hof is die hoogste hof in Suid-Afrika.

Stel 'n lys van DRIE funksies van die Konstitusionele Hof en DRIE pligte van konstitusionele regters op. (3 × 2) (6)

4.2 Tabelleer VIER verskille tussen *strategiese* en *taktiese beplanning*. (4 × 2) (8)

4.3 Definieer die begrip *aktivering*. (2)

4.4 Onderskei tussen *indirekte* en *direkte* beheer. (2)

4.5 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Staaf jou antwoord.

Die SANW ondersteun die SAPD en ander instellings in die voorkoming van misdaad. (5)

4.6 Definieer die term *reservis*. (2)

Kopiereg voorbehou

4.7 Beplanning is uiters belangrik vir bestuurders in die strafregsplegingproses, maar dit gebeur dikwels dat sekere aangeleenthede die beplanningsproses belemmer.

Stel 'n lys saam van die beperkings op beplanning. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 5

'Krugersdropmoordenaars' – Ma tot 11 keer lewenslank gevonnis

Die Johannesburgse Hoë Hof het Woensdag 'n man tot 25 jaar agter tralies gevonnis vir 'n reeks moorde wat hy en sy ma gepleeg het. Die man en sy ma is van 11 moorde, wat roof en afpersing insluit, gevonnis. Die ma is tot 115 jaar agter tralies gevonnis.

Le Roux Steyn, 22, sy ma, Marinda, 51, en sy suster, Marcel, 20, het in 2012 begin moor en dit het tot in 2016 aangehou. Hulle het ook verwante misdade gepleeg; bedrog, diefstal en intimidasie. Die groep het 11 mense vermoor.

Steyn is tot 25 jaar agter tralies gevonnins nadat 'n pleitooreenkoms met die staat aangeteken is. Tydens die verrigtinge het die staatsaanklaer, Gerrit Roberts, die pleitooreenkoms voor Regter Ratha Mokgoatlheng aan die hof voorgehou. Die Regter het vir Steyn gevra of hy daarmee saamstem – hy het ingestem en verklaar dat hy die inhoud verstaan.

Oomblikke later is Steyn se ma, Marinda, ook gevonnis nadat 'n pleitooreenkoms met die staat aangeteken is. Sy is tot 11 keer lewenslank en 115 jaar gevanengeskap, wat gelyktydig uitgedien sal word, gevonnis. Sy het haar skuld op die misdade aan regter Colin Lamont erken.

[Bron: aangepas uit msn.com/news]

5.1 Die voorsittende beampte behoort 'n atmosfeer te skep wat aan individue die geleentheid bied om hul bes te lewer, en op dié manier tot reg en geregtigheid bydra.

Bespreek die verhouding tussen die voorsittende beampte, regspraktisyns, staatsaanklaer en die beskuldigde in die hof. (6)

5.2 5.2.1 Nadat jy die artikel gelees het, identifiseer die departement wat daarvoor verantwoordelik is om te verseker dat Le Roux Steyn en sy ma, wat gevonnis is, hul vonnisse uitdien om te verseker dat die gemeenskap beskerm word. (1)

5.2.2 Bespreek die rol en die funksies van die departement wat in VRAAG 5.2.1 geïdentifiseer is. (7)

Kopiereg voorbehou

5.3 5.3.1 Identifiseer die departement wat vir die ondersoek en inhegtenisneming van Le Roux Steyn en sy ma, Marinda, verantwoordelik was en gesorg het dat geregtigheid seëvier. (1)

5.3.2 Bespreek die onderneming in die gedragskode wat elke beampte van die departement wat in VRAAG 5.3.1 geïdentifiseer is, onderneem het. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING D.

VRAAG 6

Die bydrae van Besigheid teen Misdaad (BAC) fokus op die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie op provinsiale vlak. Besigheid teen Misdaad ondersteun plaaslike inisiatiewe en verseker dat vennootskappe op die toepaslike vlakke aangegaan word.

6.1 Beredeneer hierdie stelling deur na die doelwitte van BAC te verwys. (10)

6.2 Bespreek die boustene of modelle van misdaadvoorkoming wat in die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie geïdentifiseer is. (10)
[20]

OF

VRAAG 7

Motivering is die wisselwerking tussen behoeftes, gesindhede en frustrasies wat menslike gedrag tot die bereiking van 'n doel aktiveer, rig en kanaliseer.

7.1 Ontleed hierdie stelling krities en dui aan of motivering suksesvol in strafregsplegingsinstellings toegepas kan word. Verwys na die beginsels van motivering in jou bespreking. (10)

7.2 Verduidelik hoe lede van die SAPD die VYF etiese beginsels toepas wanneer hulle hul pligte as polisiebeamptes uitvoer. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou